Studiemetodes Akademie

Graad 4-6 Oefening 1

Sinsoorte

1. In die volgende leesstuk is daar ’n hele paar leestekens uitgelos. Sit die leestekens op die regte plekke:

Freddie kom by die deur ingeloop Waar is pa Ek wil hom vra om my fiets reg te maak. Die band is pap

Ek dink pa is buite antwoord Christelle. Freddie loop buitekant toe en sien vir pa naby die swembad staan. Hy roep hard Pa Kom help my asseblief My fiets se band is pap

2. Verander die volgende sinne in vraagsinne

2.1. Jan hou daarvan om appels te eet
2.2. Piet het laat by die skool aangekom
2.3. Koos ry elke dag met die bus
2.4. Sannie se fiets is stukkend

3. Sit die regte leestekens by die volgende sinne

3.1. Hoe laat is dit
3.2. Maak gou
3.3. Die fiets staan langs die swembad
3.4. Waar is die pomp

4. Watter sinsoort is elkeen van die volgende sinne

4.1. Dit is baie warm vandag.
4.2. Is jou fiets se band nou reg?
4.3. Gaan maak jou kamer skoon!
4.4. Eina! Ek het van die fiets af geval!

© Studiemetodes Akademie 2021 www.studiemetodes.co.za

Studiemetodes Akademie

Graad 4-6 Oefening 1 - Memorandum

Sinsoorte

1. Freddie kom by die deur ingeloop . “Waar is pa? Ek wil hom vra om my fiets reg te maak. Die band is pap.”

“Ek dink pa is buite”, antwoord Christelle. Freddie loop buitekant toe en sien vir pa naby die swembad staan. Hy roep hard. “Pa! Kom help my asseblief! My fiets se band is pap”.

2.1. Hou Jan daarvan om appels te eet?
2.2. Het Piet laat by die skool aangekom?
2.3. Ry Koos elke dag met die bus?
2.4. Is Sannie se fiets stukkend?

3.1. Hoe laat is dit?
3.2. Maak gou!
3.3. Die fiets staan langs die swembad.
3.4. Waar is die pomp?

4.1. Stelsin
4.2. Vraagsin
4.3. Bevelsin
4.4. Uitroepsin